

2023



KENNISGEWING 2023

OOS VRYSTAAT KAAP BEDRYF BEPERK



**SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE**

KENNISGEWING

ALGEMENE JAARVERGADERING VAN AANDEELHOERS VAN

OOS VRYSTAAT KAAP BEDRYF BEPERK

REGISTRASIENOMMER: 1999/004069/06

("DIE MAATSKAPPY")

A. KENNISGEWING

Kennis geskied hiermee aan die Aandeelhouders van die Maatskappy soos op die rekorddatum, dat die Vyf en Twintigste Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy gehou gaan word soos aangedui:

Datum: **18 Julie 2023**

Tyd: **10h20**

Plek: **My Housy Gastehuis, Prinsloostraat 21A, Ladybrand**

B. DOEL VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die doel van hierdie Algemene Jaarvergadering is om die aangeleenthede te oorweeg wat in die Agenda hieronder uiteengesit word.

C. AGENDA

1. Opening en verwelkoming
2. Konstituering van die vergadering
3. Mosies
4. Goedkeuring van die Notule van die Algemene Jaarvergadering van 19 Julie 2022 ("Bylaag 1")
5. Sake uit die Notule
6. Voorsitter se verslag
7. Verslag deur die Oudit- en Risiko Komitee (ingesluit in die Jaarverslag)
8. Dividend aanbeveel deur die Direksie

9. Gewone Besluite

- 9.1 Goedkeuring van Geouditeerde Finansiële State
- 9.2 Aanstelling van die Oudit- en Risiko Komitee
- 9.3 Verkiesing van Direkteure
- 9.4 Aanstelling van Ouditeure

10. Spesiale Besluite

- 10.1 Goedkeuring van verhogings vir Direkteure en Komiteede se vergoeding vir 2023/2024
- 10.2 Intermaatskappy lenings
- 10.3 Terugkoop van minder as 100 aandeel

11. Verslag deur die Besturende Direkteur

Breek vir ligte ete

12. Gasspreker: Dr. Roelof Botha
13. Algemeen
14. Verdaging



D. PERSONE GEREKTIG OM VERGADERING BY TE WOON EN TE STEM

REKORDDATUM

- Die rekorddatum is die datum waarop daardie Aandeelhouders van die Maatskappy wat geregtig is om kennis te ontvang, deel te neem aan en te stem op die Algemene Jaarvergadering, bepaal word. Ingevolge Klousule 17.2.1 van die Akte van Oprigting van die Maatskappy is die rekorddatum **4 Julie 2023**.

Bywoning in persoon of by wyse van volmag

- 'n Aandeelhouer kan die vergadering in persoon bywoon; of
- deur 'n ander persoon aangewys word by wyse van 'n skriftelike volmag. Indien die Aandeelhouer verkies om by wyse van 'n Gevolmagtigde verteenwoordig te word, moet die aangehegde vorm (Bylaag 2 – "Volmag") voltooi word. Die voltooide volmag moet aan die Maatskappy of aan die Maatskappysekretaris terugbesorg word by die Maatskappy se geregistreerde adres, nie later nie as **48 (aght-en-veertig) uur** voor aanvang van die vergadering. Die Gevolmagtigde hoef nie 'n Aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie, maar moet 'n natuurlike persoon wees.

IDENTIFIKASIE

Artikel 63(1) van die Maatskappywet vereis dat enige persoon wat van voorneme is om deel te neem aan 'n Aandeelhoudersvergadering, op versoek van die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering, in staat moet wees om identifikasie te verskaf tot die tevredenheid van die Voorsitter, van sy reg om deel te neem en te stem as Aandeelhouer of Gevolmagtigde.

E. MOSIES

Alle voorstelle en mosies moet skriftelik voor 10h20 op die 14de Julie 2023 by die Maatskappysekretaris ingehandig word by die Maatskappy se geregistreerde kantoor te Dan Pienaarstraat 19, Ladybrand of ge-e-pos word na dirkdp@ovk.co.za vir aandag: **Die Maatskappysekretaris**. Alle voorstelle en mosies moet deur die Voorsteller en die Sekondant onderteken word.

F. ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

Hiermee word aandeelhouders in kennis gestel dat elektroniese deelname aan die Maatskappy se 2023 Algemene Jaarvergadering nie moontlik sal wees nie. Aandeelhouders sal derhalwe nie geregtig wees om deel te neem of te stem gedurende die vergadering indien hulle nie fisies teenwoordig is nie, behalwe as hulle sodanige keuse uitoefen deur middel van 'n geldige voltooide volmagvorm (Bylaag 2). Die vergadering sal wel regstreeks uitgesaai word en sal bykomende inligting tot die effek aan aandeelhouders gekommunikeer word voor aanvang van die vergadering.

G. DIVIDENDE AANBEVEEL DEUR DIE DIREKSIE

Die Direksie beveel 'n dividend van 95 sent per gewone aandeel asook per klas B aandeel aan vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2023.

H. BESLUITE

1. GEWONE BESLUITE

1.1 GEWONE BESLUIT 1: GOEDKEURING VAN GEODITEERDE FINANSIËLE STATE

In die Jaarverslag van die Maatskappy is 'n opsomming van die finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023. 'n Afskrif van die volledige finansiële state kan op versoek by die Maatskappysekretaris verkry

word of 'n verkorte weergawe daarvan kan op die Maatskappy se webtuiste www.ovk.co.za gevind word.

1.2 GEWONE BESLUIT 2: AANSTELLING VAN DIE OUDIT- EN RISIKO KOMITEE

- Die Maatskappywet vereis dat die Maatskappy elke jaar by die Algemene Jaarvergadering 'n Oudit- en Risiko Komitee aanstel. Die Komitee moet uit vier Direkteure van die Maatskappy bestaan en Oos Vrystaat Kaap Beherend (Edms) Bpk ("OVK Beherend") nomineer, soos toegelaat ingevolge die Akte van Oprigting, hierdie 4 (vier) direkteure om te dien in die Maatskappy se Oudit-en Risiko Komitee:
- Mnr. QA de Bruyn
- Mnr WJ du Toit
- Mnr FJ van Zyl
- Mnr SO Vermeulen

1.3 GEWONE BESLUIT 3: VERKIESING VAN DIREKTEURE

Elke genomineerde persoon moet voldoen aan die vereistes ingevolge die Maatskappywet en die Akte van Oprigting van die Maatskappy ten einde te kwalifiseer om verkies te word as Direkteur.

Oos Vrystaat Kaap Beherend (Edms) Bpk ("OVK Beherend") sal, soos gemagtig deur die Akte van Oprigting van die Maatskappy, die Direkteure wat op die Direksie van OVK Beherend (Edms) Bpk dien nomineer om as Direkteure van die Maatskappy verkies te word.

1.4 GEWONE BESLUIT 4: AANSTELLING VAN OUDITEURE

Die Maatskappywet vereis dat daar elke jaar ouditeure aangewys moet word by die Algemene Jaarvergadering vir die nuwe finansiële jaar. Kragtens 'n Direkteursbesluit geneem op die **6^{de} Junie 2023** en soos aanbeveel deur die Oudit- en Risiko Komitee, beveel die Direksie die aanstelling van PricewaterhouseCoopers as ouditeure van die Maatskappy aan. Bekragtiging word hiermee versoek.

2. SPESIALE BESLUIT

2.1 SPESIALE BESLUIT 1: GOEDKEURING VAN DIREKTEURSVERGODING VIR 2023/2024

U goedkeuring word verlang by wyse van 'n Spesiale Besluit dat die Direkteure en lede van die Sub-komitees se jaarlikse vergoeding vir die finansiële jaar van 2023/2024 met 6% verhoog word:

Ampte	Voorgestelde Vergoeding
Voorsitter van Direksie	R 583 000 per jaar
Ondervoorsitter	R 344 500 per jaar
Dagbestuur	R 318 000 per jaar
Direkteur	R 265 000 per jaar

Bykomend tot die bovermelde:

Voorsitter van Oudit- en Risiko Komitee	R 132 500 per jaar
Voorsitter van Sosio- en Etiese Komitee	R 31 800 per jaar
Voorsitter van Vergoedingskomitee	R 42 400 per jaar
Voorsitter van Pensioenfonds	R 42 400 per jaar
Lid van Oudit- en Risiko Komitee	R 79 500 per jaar
Lid van Sosio- en Etiese Komitee	R 15 900 per jaar
Lid van Vergoedingskomitee	R 21 200 per jaar
Trustee van Pensioenfonds	R 21 200 per jaar

*Waar die Voorsitter of lede van die Direksie 2 of meer vergaderings nie bywoon nie, sal hulle vergoeding pro-rata aangepas word (met uitsondering van siekte).

*Waar die Voorsitters en lede van die Sub-komitees nie 'n vergadering bywoon nie, sal hulle vergoeding pro-rata aangepas word.

Rede en Effek van Spesiale Besluit 1

Die rede vir Spesiale Besluit 1 is om te verseker dat Direkteure markverwant vergoed word vir die tyd en kostes aan die Maatskappy se aangeleenthede bestee.

Die effek van Spesiale Besluit 1 is dat die Direksie van die Maatskappy se jaarlikse vergoeding verhoog word soos hierbo uiteengesit, vir die 2023/2024 finansiële jaar, en sodanige verhogings gebaseer word op die gemiddelde salarisverhoging van personeel.

2.2 SPESIALE BESLUIT 2: INTERMAATSKAPPY LENINGS

Besluit dat Intermaatskappy lenings ingevolge Artikel 45 van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008 ("die Wet") toegestaan mag word aan Maatskappye in die groep, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- (a) die totale bedrag van kapitaal uitgeleen nie op enige stadium R 250 000 000 (tweehonderd-en- vyftig miljoen rand) mag oorskry nie;
- (b) die rentekoers van lenings aan vol filiale sal gelykstaande wees aan Primakoers minus 2% en ander filiale, geassosieerdes en gesamentlik beheerde ondernemings sal nie laer wees as Primakoers minus 0.5%;
- (c) enige intermaatskappy lening sal terugbetaalbaar wees op die datum soos wat deur die Direksie van die Maatskappy bepaal word; en
- (d) die Direksie van die Maatskappy moet tevrede wees dat:
 - (i) die Maatskappy onmiddellik na die toestaan van die lening aan die Solvensie- en Likiditeitstoets sal voldoen soos vereis word deur Artikel 4 van die Wet; en
 - (ii) die terme van die lening redelik en billik moet wees teenoor die Maatskappy.

Rede en Effek van Spesiale Besluit 2

Die rede vir Spesiale Besluit 2 is dat dit van tyd tot tyd nodig is om Intermaatskappy lenings toe te staan om die algemene bedryf van die OVK Groep van Maatskappye te bevorder.

Die effek van Spesiale Besluit 2 is dat die Direksie van die Maatskappy gemagtig word om Intermaatskappy lenings toe te staan op die voorwaardes soos hierbo uiteengesit.

2.3 SPESIALE BESLUIT 3: TERUGKOOP VAN MINDER AS 100 AANDELE

Die Direksie stel voor dat die Algemene Jaarvergadering se besluit in 2017 uitgebrei en bekragtig word vir insluiting in die Maatskappy se Akte van Oprigting. Die besluit lui dat voorsiening gemaak word dat die Maatskappy gemagtig word om die aandeelhouders, soos op 1 Augustus van elke jaar, wat in 'n 3 (drie) jaar periode sedert hulle die eerste keer aandele bekom het en in totaal minder as 100 aandele gesamentlik in OVK Beherend (Edms) Bpk en OVK Bedryf Bpk hou, se aandele jaarliks terug te koop teen die heersende gemiddelde prys van die laaste voorafgaande verhandeling van die Maatskappy.

Rede en Effek van Spesiale Besluit 3

Die rede asook effek vir Spesiale Besluit 3 is om die administratiewe las en koste vir die Maatskappy te beperk.

I. STEMREGTE

Vir 'n spesiale besluit om goedgekeur te word deur die Maatskappy se Aandeelhouders, is dit nodig dat so 'n besluit ondersteun word deur ten minste 75% van die stemregte uitgebring by die Algemene Jaarvergadering ten opsigte van die betrokke besluit.

Vir 'n gewone besluit om goedgekeur te word deur die Maatskappy se Aandeelhouders, is dit nodig dat so 'n besluit ondersteun word deur meer as 50% van die stemregte uitgebring by die Algemene Jaarvergadering ten opsigte van die betrokke besluit.

In opdrag van die Direksie



DP DU PLESSIS
MAATSKAPPYSEKRETARIS

Telefoon: 051 923 4512
E-pos: dirkdp@ovk.co.za

Datum: 26 Junie 2023



Kliek hier vir die Jaarverslag 2023



SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

BYLAAG 1

OOS VRYSTAAT KAAP BEDRYF BEPERK
VERKORTE NOTULE VAN DIE VIER EN TWINTIGSTE
ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU TE NG KERK,
MOEDERGEMEENTE KERKSAAL, LADYBRAND,
19 JULIE 2022 OM 10H30

1. OPENING EN VERWELKOMING

Die Voorsitter Mnr CT Bender verwelkom weereens almal teenwoordig by die 24ste Algemene Jaarvergadering.

2. KONSTITUERING VAN DIE VERGADERING

Die vergadering is behoorlik gekonstitueer.

3. MOSIES

Die Voorsitter bevestig dat mosies en medelye reeds hanteer was in die vergadering van OVK Beherend (Edms.) Bpk.

4. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN 20 JULIE 2021

Die notule van die 2021 Algemene Jaarvergadering word goedgekeur.

5. SAKE UIT DIE NOTULE

Die Voorsitter bevestig dat daar geen sake voortspruitend uit die Notule is vir hantering nie.

6. VOORSITTER SE VERSLAG

Die Voorsitter lewer sy verslag.

7. SEKONDANT SE MOSIE

Die Sekondant, Mnr F Nel, lewer sy sekondantsrede.

8. VERSLAG DEUR DIE OUDIT- EN RISIKO KOMITEE (INGESLUIT IN DIE JAARVERSLAG)

Die verslag word aanvaar deur die vergadering en is daar geen vrae aan die komitee nie.

9. DIVIDEND AANBEVEEL DEUR DIE DIREKSIE

'n Dividend van 90 sent per aandeel word goedgekeur.

10. GEWONE BESLUIE

Die volgende Gewone Besluite word goedgekeur:

- 10.1 Die Geouditeerde Finansiële State soos op 28 Februarie 2022;
- 10.2 Die aanstelling van die lede van die Oudit-en Risiko Komitee;
- 10.3 Die aanstelling van OVK Beherend (Edms.) Bpk se Direkteure as Direkteure vir OVK Bedryf Bpk;
- 10.4 Die heraanstelling van PricewaterhouseCoopers (PwC) as ouditeure.

11. SPESIALE BESLUIE

Die volgende Spesiale Besluite word goedgekeur:

- 11.1 Direkteur- en Sub-komiteevergoeding vir 2022/2023 termyn;
- 11.2 Intermaatskappylenings ten bedrae van R200 000 000 (twee honderd miljoen rand).

12. VERSLAG DEUR DIE BESTURENDE DIREKTEUR

Die Besturende Direkteur, Mnr S Oberholzer, lewer 'n gepaste en insiggewende verslag.

13. ALGEMEEN

Die Voorsitter bied geleentheid aan die vergadering om vrae te stel en kom daar verskeie vrae na vore wat geantwoord word deur die Voorsitter.

Die Voorsitter stel die gasspreker, Mnr Joey Evans, voor aan die vergadering. Mnr Evans lewer 'n baie opbouende toespraak en wens OVK en die vergadering sterkte toe met die jaar en sy uitdagings.

14. VERDAGING

Die vergadering word hierna verdaag.

VOORSITTER

MAATSKAPPYSEKRETARIS



SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

BYLAAG 2 VOLMAG

OOS VRYSTAAT KAAP BEDRYF BEPERK
REGISTRASIENOMMER: 1999/004069/06
("DIE MAATSKAPPY")

Naam van Maatskappy, Beslote Korporasie, Vennootskap, Trust of Individu wat volmag verleen:

van _____ (adres), en met lidnommer _____

synde 'n Aandeelhouer van Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk ("die Maatskappy") stel hiermee aan:

- _____ of indien hy/sy nie beskikbaar is nie;
- _____ of indien hy/sy nie beskikbaar is nie
- die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering,

as my gemagtigde om namens en ten behoeve van my op die Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy gehou te word op **18 JULIE 2023** te **LADYBRAND** of enige verdaging van so 'n vergadering en om namens my as volg te stem met betrekking tot die besluite oorweeg te word op so 'n vergadering.

Dui asseblief by wyse van 'n kruisie (X) in die toepaslike spasie aan hoe daar namens u gestem moet word. Hierdie volmagvorm mag ook as stembrief dien

	TEN GUNSTE	TEEN	BUIE STEMMING
Gewone Besluit 1: Goedkeuring van Geouditeerde Finansiële State			
Gewone Besluit 2: Aanstelling van die Oudit- en Risiko Komitee			
Gewone Besluit 3: Verkiesing van Direkteure			
Gewone Besluit 4: Aanstelling van Ouditeure			
Spesiale Besluit 1: Goedkeuring van Direkteur- en Subkomiteevergoeding vir 2023/2024			
Spesiale Besluit 2: Intermaatskappy lenings			
Spesiale Besluit 3: Terugkoop van minder as 100 aandeel			

Tensy hierbo anders opdrag gegee, kan my gemagtigde stem soos hy/sy dit goed ag.

Geteken op hierdie _____ dag van _____ 2023.

HANDEKENING

NOTAS:

- Volmagvorms moet 48 (aght en veertig) uur voor die aanvang van die vergadering ingedien word by die Maatskappysekretaris.
- 'n Aandeelhouer wat geregtig is om deel te neem aan, te praat op en te stem by 'n vergadering, mag 'n gevolmagtigde aanstel om in sy/haar plek deel te neem aan, te praat op en te stem. Sodanige gevolmagtigde hoef nie 'n Aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie, maar moet 'n natuurlike persoon wees.